# RIGLYNE RAKENDE DIE REGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN ONAFHANKLIKE SKOLE

**DEPARTEMENT VAN BASIESE ONDERWYS**

**01 November 2018**

*Vertaal uit Engels deur me. Jo-Riëtte Jacobs van Aros in opdrag van die Instituut vir Christelike Onderwys*

INSTITUUT VIR
CHRISTELIKE ONDERWYS
AKSIE REFORMATORIESE SKOOLONDERWYS

# Inhoudsopgawe


1. Akronieme
2. Inleiding
3. Doel
4. Omvang
5. Wetgewende raamwerk
6. Bestuur
7. Registrasie en herregistrasie van onafhanklike skole deur die Provinsiale Onderwysdepartement
8. Befondsing
9. Bestuur en oordrag van skooldata
10. Toelatings
11. Uitsluitings
12. Kurrikulum, assessering en eksaminering
13. Vordering, bevordering en terughouding
14. Kwaliteitsversekering
15. Monitering deur die Provinsiale Onderwysdepartement
16. Gevolgtrekking

## 1. Akronieme

| | |
|---|---|
| **ACE** | Accelerated Christian Education |
| **DBO** | Departement van Basiese Onderwys |
| **OBIS** | Onderwysbestuur-inligtingstelsel |
| **NAISA** | National Alliance of Independent Schools Associations **(**Nasionale Alliansie van Onafhanklike Skole Assosiasies) |
| **NKV** | Nasionale Kurrikulumverklaring |
| **NNSSB** | Nasionale Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing |
| **NKR** | Nasionale Kwalifikasieraamwerk |
| **WBAG** | Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid Wet 3 van 2000 |
| **POD** | Provinsiale Onderwysdepartement |
| **SASW** | Suid-Afrikaanse Skolewet van 1996 |
| **ASAT** | Skolastiese Aanlegtoets |
| **USAF** | Universiteite Suid-Afrika |

## 2. Inleiding

2.1 Hierdie dokument is in 2010 as deel van die Kommunikasieprotokol-ooreenkoms tussen die Departement van Basiese Onderwys (DBO) en die Nasionale Alliansie van Onafhanklike Skole Assosiasies (NAISA) ontwikkel. Die dokument is hersien om belyn te word met die nuutste beleids- en wetgewingsverwikkelinge, en wys ook hoe wetgewing die regte en verantwoordelikhede van onafhanklike skole ondersteun. Die hersiening van hierdie dokument het in samewerking met die DBO, Provinsiale Onderwysdepartemente (PDOe) en die Nasionale Alliansie van Onafhanklike Skole Assosiasies (NAISA) plaasgevind en is bekragtig deur die HEDCOM-Subkomitee vir Onafhanklike Skole.

2.2 Die Grondwet van Suid-Afrika en die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW) maak voorsiening vir twee tipe skole: openbare skole en onafhanklike skole. Onafhanklike skole word in twee groepe verdeel, die wat subsidie kragtens die bepalings van die Nasionale Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing (NNSSB**)** ontvang en die wat nie geen subsidie ontvang nie.

2.3 Onafhanklike skole bied addisionele keuses aan ouers met betrekking tot die keuse van skoolopleiding vir hul kinders en lewer ook ‘n diens aan hul leerders wat andersins deur die Staat gedra sou moes word.

2.4 Die volgende sleutelkaraktereienskappe van onafhanklike skole onderskei laasgenoemde van openbare skole:

2.4.1 Hulle word gekenmerk aan hul eie unieke missie (geskoei op ‘n bepaalde etos, geloof of filosofiese waardes);

2.4.2 Hulle bepaal hul eie toelatingsbeleide vir leerders wat belyn word met die vereistes van die wet.

2.4.3 Hulle kies hul eie kurrikulum en stel hul eie finale eksamineringsgeleenthede op wat moet voldoen aan die voorgeskrewe uitkomstes van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKR). Dit moet ook gekoppel wees aan die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) in terme van die kwalifikasies wat geregistreer is op die NKR.

2.4.4 Hulle mag hul eie vorderings of progressie- en retensiebeleide skryf wat belyn is met die Nasionale Beleid met betrekking tot die Program- en Bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12, (die NKR-regulasies) solank hulle aan die minimum vereistes van vergelykbare openbare skole voldoen.

2.4.5 Ouers kies om hul kinders na onafhanklike skole te stuur.

2.4.6 Hulle bepaal hoe die bestuur, finansiering en personeelaanstellings hanteer word binne die grense van die wet en in ooreenstemming met goeie bestuurspraktyke.

2.5 Onafhanklike skole moet binne die grense van die Grondwet en alle toepaslike nasionale en provinsiale wetgewing bestuur word. Wat hul onafhanklikheid aanbetref, is dit egter van besondere belang dat die skool die vryheid moet behou om sy professionele oordeel te gebruik wanneer besluite geneem moet word. Hierdie sleutelkaraktereienskappe verseker dat skole die vryheid het om te bepaal watter programme geïmplementeer moet word om akademiese uitnemendheid te verseker.

## 3. Doel

3.1 Die doel van hierdie riglyne is soos volg:

3.1.1 om lig te werp op die unieke aard van onafhanklike skole binne die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel;

3.1.2 om die onafhanklike skolegemeenskap aangaande hul regte en verantwoordelikhede in te lig;

3.1.3 om POD-amptenare, veral in die distrikte, in te lig oor die gepaste hantering van onafhanklike skole;

3.1.4 om wetgewende raamwerk as begrip te verstaan;

3.1.5 om die aard van die verhouding tussen PODe en onafhanklike skole te verstaan en om “grys” areas te elimineer, sodat miskonsepsies rondom begrippe vermy word, mits daar aan toepaslike wetgewing voldoen word.

3.2 Die doel van hierdie riglyne is nie om al die areas uit te lig waar onafhanklike skole en openbare skole van mekaar verskil nie. Die areas wat as fokuspunte dien, is die wat dikwels tot onsekerheid lei en ook as ‘n potensiële bron van konflik tussen distriksamptenare en onafhanklike skole dien.

## 4. Omvang

4.1 Hierdie dokument is van toepassing op alle onafhanklike skole wat geregistreer is ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wetnommer 84 van 1996), PODe en die DBO.

## 5. Wetgewende raamwerk

5.1 Die dokument is gegrond op die volgende wetgewing en voldoen ook aan die vereistes van die volgende wetgewende instrumente:

5.1.1 Die Grondwet van Suid-Afrika, 1996 (die Grondwet)
5.1.2 Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid Nasionale Onderwyswet, 1996 (Wet nommer 27 van 1996) (die WNOB)
5.1.3 Die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet nommer 84 van 1996) (SASW);
5.1.4 Die Nasionale Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing (NNSSB)
5.1.5 Die Nasionale Beleid met betrekking tot die Program- en Bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (die NKR-regulasies)

5.1.6 Wet op Gehalteversekering van Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, Wet nommer 58 van 2001 met wysigings; en

5.1.7 Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, Wet 3 van 2000 (WBAG)

## 6. Bestuur

6.1 Onafhanklike skole word met ‘n spesifieke visie en missie voor oë gestig en word geregistreer as wetlike entiteite ingevolge die toepaslike wetgewing. Die bestuur van hierdie skole moet belyn wees met die toepaslike wetgewing.

6.2 Onafhanklike skole word nie verplig deur die SASW om beheerliggame te hê nie. Ter wille van doeltreffende bestuurspraktyk word daar egter aanbeveel dat onafhanklike skole ŉ bestuurstruktuur moet hê. Die bestuur besluit hoe die samestelling gaan geskied, maar dit moet steeds verteenwoordigend van die ouerliggaam wees. Die struktuur, sy verkiesing- en seleksieprosedures en funksies moet verder ook in die konstitusie van die skool sigbaar wees.

6.3 Om goeie bestuur te verseker, moet onafhanklike toesig oor bestuurslede gehou word. Hierby is *lojaliteitsplig* ook ingesluit. Hiervolgens word lede versoek om op so ŉ manier op te tree dat botsende belange vermy word. Sodoende word lojaliteit bevorder. Hiermee saam onderneem hulle ook om aan die vereistes van die s*orgplig* te voldoen. Dit behels dat hulle onderneem om ter goeder trou op te tree in die beste belang van die skoolgemeenskap.

## 7. Registrasie en herregistrasie van onafhanklike skole by die Provinsiale Onderwysdepartement

7.1 ‘n Onafhanklike skool mag nie bedryf word, indien dit nie geregistreer is by die toepaslike POD nie.

7.2 SASW (Artikel 46(4) wys op die straf wat toegedien word teen/vir/aan enige persoon wat ‘n ongeregistreerde skool bestuur (m.a.w. ‘n onafhanklike skool wat nie geregistreer is by die Provinsiale Departementshoof nie).

7.3 Die registrasie en herregistrasie van onafhanklike skole binne ‘n provinsie sal bepaal word ooreenkomstig die bepalings van SASW (Artikel 47(1) en (2), tesame met provinsiale wetgewing wat betrekking het op die bestuur van onafhanklike skole. Die implementering en hersiening van provinsiale wetgewing moet ten alle tye voldoen aan die beginsels van deursigtige, regverdige en billike administrasie.

7.4 SASW (Artikel 47(1) en 2)) stipuleer dat die registrasie van ‘n onfhanklike skool nie geldig is as die toepaslike proses, soos in die voorafgenoemde artikels uiteengesit, nie gevolg is nie.

## 8. Befondsing

8.1 Die Grondwet (Artikel 29(4)) belet nie staatsbefondsing aan onafhanklike skole nie.

8.2 Die voorwaardes waaraan onafhanklike skole onderhewig is, word vervat in die NNSSB en die POD’e staan onder die wetlike bepalings soos vervat in die NNSSB.

8.3 Die nasionale norme is van toepassing op alle provinsies. ‘n Provinsiale LUR mag hulle egter wysig, solank die aanvanklike doel en ingesteldheid behou word. Die Departementshoof moet wel met die Departement van Basiese Onderwys (op nasionale vlak) in gesprek hieroor tree.

8.4 Enige onafhanklike skool wat geregistreer is by die POD en voldoen aan die NNSSB-vereistes kwalifiseer vir staatsubsidie.

8.5 As ‘n voorwaarde, waaronder die befondsing toegestaan is, nie nagekom is nie, kan die Hoof van die Departement die befondsing termineer of verminder vanaf die datum soos deur hom of haar bepaal is (SASW Artikel 48(3)).

8.6 Die Hoof van die Departement mag nie befondsing termineer of verminder kragtens subartikel (3) van die SASW nie, tensy die proses soos uiteengesit in SASW (Artikel 48 4(4) en 5(5)) gevolg is nie.

## 9. Bestuur en oordrag van skooldata

9.1 Soos vervat in die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wetnommer 27 van 1996) moet die Minister van Onderwys die kwaliteit van onderwysvoorsiening, –aflewering en werkverrigting deur middel van statistieke monitor en evalueer. Die beleid is bevorderlik vir die prosesse wat in plek moet wees om betroubare statistiek in te samel.

9.2 Alle skole moet geregistreer wees binne hul provinsiale onderwysdepartement en voldoen aan die departementele vereistes vir registrasie. Dit kan verslaggewing op ’n gereelde basis vir kontroledoeleindes insluit.

9.3 Skole moet op ‘n kwartaallikse basis data, wat aan die voorgeskrewe vereistes op nasionale vlak voldoen, aan die provinsiale departemente voorsien. Inligting wat hierby ingesluit kan wees, hoewel nie hiertoe beperk nie, is skole se basiese inligting, kurrikulums wat aangebied word, onderwyserbesonderhede, basiese leerderbesonderhede, leerderpretasiebesonderhede en bou- en infrastruktuurbesonderhede. Die data moet by die provinsiale onderwysdepartemente ingehandig word in ‘n formaat wat verseker dat die data akkuraat ingelees kan word in die SA-SAMS-formaat soos deur die POD-bestuurplan rakende data-indiening vereis word. (13.9)

9.4 Die ingediende data aan provinsiale departemente sal op die (LURITS) “*Learner Unit Record Information and Tracking System”* gelaai word soos deur die Departement van Basiese Onderwys versoek word. Die stelsel speur ‘n leerder se beweging vanaf een skool na ‘n volgende na. Die nasporing van leerders kan ook op ‘n inter-provinsiale vlak geskied. Die doel is om gaandeweg aan elke leerder ‘n naspoornommer toe te ken wat dan aan hom deur sy hele skoolloopbaan behoort.

9.5 Die DBO vereis ook data wat verslaggewing oor die Medium-termyn strategiese Raamwerk (MTSR) en die Jaarlikse Prestasieplan (JPP) ondersteun. *(Medium Term strategic Framework (MTSF) and Annual Performance Plan (APP)* Hierby word data ingesluit wat benodig word vir die produsering van nasionale statistiek. Die DBO samel ook data in om aan die SARO, (*SACE*) en ander statutêre liggame en die Departement van Gesondheid, Sosiale Ontwikkeling en Binnelandse Sake te gee kragtens die Interregering Protokolooreenkoms.

9.6 Onafhanklike skole moet rekord hou van leerders, personeel, skoolgegewens, bronne en bestuur, en in die geval van skole wat befondsing ontvang, moet daar van finansies ook rekord gehou word. Die DBO vereis dat die ingesamelde data omvangryk en geloofwaardig moet wees.

9.7 Dit bly die verantwoordelikheid van die skool om te verseker dat die ingehandigde data voltooid en akkuraat is en dat dit betyds deur elke provinsie ontvang word.

## 10. Toelatings

10.1 Die mees beduidende bepaling op elke skool se toelatingsbeleid is dat geen rassediskriminasie toegelaat word nie. Die implikasie is dus dat geen onafhanklike skool se toelatingsbeleid op grond van ras mag diskrimineer nie.

10.2 Die Grondwet verbied onregverdige diskriminasie. Dit is duidelik uit artikel 9**(4)** van die Grondwet wat stipuleer dat die staat of enige persoon nie regstreeks of onregstreeks teen iemand op ŉ onbillike manier mag diskrimineer op een of meer gronde nie, met inbegrip van ras, geslag, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele oriëntasie, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte

10.3 Onregverdige diskriminasie kan plaasvind, indien ŉ skool 'n onderskeid tussen leerders sou tref gebaseer op gronde wat nie regverdig is nie: wanneer die skool byvoorbeeld weier om erkenning te gee aan die bestaan van gay en lesbiese leerders, godsdienstige leerders binne ŉ sekulêre skool, of ŉ swanger meisie. Indien ŉ onafhanklike skool van onregverdige diskriminasie beskuldig word, berus dit op die skool om te bewys dat hy nie skuldig is aan onregverdige diskriminasie nie.

## 11. Uitsluitings

11.1 Breedweg gesien val uitsluitings in een van die volgende twee kategorieë:

11.1.1 Met die uitsluiting van gevalle waar reëls, soos vervat in die skool se Gedragskode en Grieweprosedure oortree is, wat belyn is met toepaslike wetgewing en goeie praktyk.

11.1.2 Met die uitsluiting van gevalle waar kontrakbreuk gepleeg is tussen die ouers en die skool, op voorwaarde dat toepaslike wetgewing nagekom is en dat die toepaslike proses gevolg is.

11.2 ŉ Onafhanklike skool mag nie onderworpe aan paragraaf 11 (1) optree nie, tensy die skool**:**

11.2.1 'n geskrewe kennisgewing aan die ouer en leerder gegee het waarin die redes om die leerder se opvoeding by die skool te beëindig skriftelik gemotiveer word.

11.2.2 die ouer en die leerder 'n redelike geleentheid gegun is om vertoë te rig.

11.3 'n Onafhanklike skool wat onderworpe aan paragraaf 11(1) optree, moet:

11.3.1 die POD van die instelling inlig oor die besluit om die leerder se studies by die skool te beëindig en die redes wat daarmee gepaard gaan.

11.3.2 bewyse aanvoer dat die vereistes in paragraaf 11(2) nagekom is.

11.3.3 ŉ Oorplasingsbrief, verslagkaart of enige ander relevante dokument voorsien wat nodig is vir die oorplasing na 'n ander skool: en om reëlings rakende die vereffening van agterstallige bedrae te tref.

11.4 Daar moet altyd in die beste belang van die kind opgetree word.

## 12. Kurrikulum, Assessering en Eksaminering

12.1 Onafhanklike skole wat die Nasionale Kurrikulumverklaring[1] volg, moet voldoen aan die minimum uitkomstes en standaarde met betrekking tot die vakke se programvereistes

[1] Nasionale Beleid met betrekking tot die Program- en Bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (die NKR-regulasies)

soos gelys in subregulasie (a). Hier word ŉ oorsig van toepaslike vakinhoud gegee, soos ook gesien in afdeling 2 van die toepaslike Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV of *CAPS*). Hier word vergelykbare inhoudelike opeenvolgende beginsels voorsien wat in plek gestel is soos ook gelys in afdeling 2 en 3 van die vermelde beleidsdokument (uit die Regulasies met betrekking tot die NKV, Afdeling 5 b A).

12.2 Die toegekende aantal ure sal aan die minimum vereistes voldoen soos per vak in afdeling 1 van die KABV uiteengesit, maar kan ook vermeerder afhangende van die onderrigtyd en ander bykomende faktore.

12.3 Indien 'n onafhanklike skool se prestasie-uitsette nie aan die toepaslike owerheid se prestasiestandaarde voldoen nie, moet so ŉ skool wel voldoen aan al die vakvereistes soos vervat binne afdeling 2 en 3 van die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV).

12.4 Onafhanklike skole mag hul eie kurrikulum kies en hul eie eksamenvraestelle opstel, solank dit voldoen aan die vereistes wat voorgeskryf is deur die Nasionale Kurrikulumverklaring, geregistreer is by die Nasionale Kwalifikasie Raamwerk en die kwaliteitversekering by Umalusi gedoen is.

12.5 Alle onafhanklike skole wat die Nasionale Kurrikulumverklaring gebruik vir onderrig-, assessering- en eksamineringdoeleindes word gebind deur die Regulasies betreffende die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen.

12.6 Onafhanklike skole moet verseker dat ingeskrewe kandidate by hul skole voldoen aan die vereistes vir Skoolgebaseerde Assessering (SBA), die Praktiese Assesseringstaak en die Taalmondeling wat die gereeldheid, komponente en moderering hiervan aanbetref. Dit moet ook belyn wees met die vereistes van die toepaslike geregistreerde kwalifikasie.

## 13. Vordering, bevordering, en terughou van leerders

13.1 Besluite rakende die bevordering of terughou van leerders val binne die kurrikulum en assesseringareas. Dit is hier van belang dat 'n skool die vryheid behou om sy professionele oordeel te gebruik om hoë onderwysstandaarde te handhaaf. Hierdie vryheid mag nie as strafmaatreëls teen leerders gebruik word nie.

13.2 Onafhanklike skole wat die Nasionale Kurrikulumverklaring in Suid-Afrika volg, moet voldoen aan al die vakdoelwitte, beginsels en vaardighede, soos voorgeskryf in die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir die Algemene Onderwys en Opleiding (AOO) en die Verdere Onderwys en Opleiding (VOO). Hierby word verbandhoudende beleide ook ingesluit.

13.3 Skole wat befonds word deur die staat word geraak deur die wysigings in 2008 aan die Nasionale Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing, asook die Nasionale Strategie vir Leerderprestasie met betrekking tot slaagvereistes wat vir spesifieke fases in befondse skole verlaag is. Die implikasie hier is dat die POD die aantal leerders wat in befondse skole teruggehou is, kan monitor.

13.4 Besluite wat geneem is rakende die herhaling van 'n graad, sal met die ouers, voog of toesighouer bespreek word. Die skool moet voldoende bewyse kan aanvoer wat aantoon dat alle moontlike pogings aangewend is om die betrokke leerder te ondersteun.

13.5 Die Grondwet vereis van onafhanklike skole en SASW om standaarde te handhaaf wat nie afsteek teen standaarde by vergelykbare staatskole nie. Hulle mag ook die standaarde verhoog deur hoër standaarde (op ŉ redelike vlak) te stel as die wat in die beleid voorgeskryf word.

13.6 Ter wille van goeie praktykstandaarde moet die besluit om ŉ leerder terug te hou gestaaf wees op goeie rekordhouding van ŉ leerder se vordering of gebrek aan vordering. Genoegsame bewyse moet ook voorsien word dat voldoende sorg getref is om te verseker dat alle besluite in belang van die kind geneem is.

13.7 Leerders word dikwels verplaas tussen onafhanklike skole en openbare skole. Juis hierom moet openbare skole se bevorderingsvereistes begryp word.

13.8 Onafhanklike skole se standaarde mag die minimum voorgeskrewe standaarde vir openbare skole oorskry en juis hierom mag daar meer rigiede reëls by hierdie skole geld.

13.9 Skole moet bevordering- en terughoudingskedules byderhand hou, maar anders as by openbare skole geld daar nie vir hulle spesifieke liasseringsvoorskrifte nie. Die POD het die reg om hierdie skedules aan te vra om sodoende te verseker dat hulle wel bestaan.

## 14. Kwaliteitsversekering

14.1 Onafhanklike skole moet voldoen aan die kwaliteitversekeringsvereistes om akkreditasie te ontvang soos bepaal deur Umalusi ingevolge die Wet op Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding Kwaliteitversekering, 2001 met wysigings.

## 15. Monitering deur die Provinsiale Onderwysdepartement

15.1 Die POD'e het die verantwoordelikheid om geregistreerde, onafhanklike skole te monitor. Onafhanklike skole moet besoeke deur POD-amptenare toelaat.

15.2 Die areas wat gemonitor word vir befondsingsdoeleindes moet verkieslik gespesifiseer word in die bestuurskontrolelys van elke provinsie en moet in ooreenstemming wees met die Gewysigde Nasionale Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing. Die POD het die reg om besoeke af te lê wat nie vooraf gereël is nie, en om verskillende dele van die skool se rekords te oudit, veral in die areas waar finansiële bestuur ter sprake is. Die ouditvereistes moet duidelik gestipuleer word en die oudit moet gedoen word deur geskikte, gekwalifiseerde ouditeurs. Skole moet akkurate verslae betyds ontvang, sodat korreksies vroegtydig aangebring kan word. ŉ Appèlprosedure moet ingevolge die Openbare Ouditwet en deur die toepaslike lede van provinsiale liggame gevolg word.

15.3 Die beskerming van ŉ onafhanklike skool se regte lê binne hul administratiewe regte ingevolge die Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, Artikel 3 van 200 (WBAG).

## 16. Gevolgtrekking

16.1 Hierdie dokument het sleutelareas uitgelig betreffende die regte en verantwoordelikhede van onafhanklike skole. Onafhanklike skole mag onafhanklike besluite neem wat binne die grense van toepaslike beleide of wetgewing val. Wat hiermee beoog word, is om die voorafgenoemde doelstellings te bereik. Onafhanklike skole wil hul missie nastreef, terwyl hulle terselfdertyd PODe bystaan om ook hul rol as moniterende instansie te vervul.